HOUTBEHANDELING EN DIE WET

In Suid-Afrika is daar twee regulasies van toepassing op houtbehandeling.

I) Die Verpligte Spesifikasie vir die Verduursaming van Hout, Kennisgewing Nr. 308 (Staatskoerant Nr. 32067) van 3 April 2009 - VC 9091

Die verpligte spesifikasie word gereguleer deur die NRVS in terme van die Nasionale Reguleerder vir Vepligte Spesifikasies Wet (Wet 5 van 2008)

VC 9091 vereis dat:

- behandelde hout sal voldoen aan die vereistes soos voorgeskryf in SANS 10005, (uitgesluit klousules 9.2, 9.4, 13 en bylae D en E wat handel oor omgewings en beroepsgesondheid en veiligheidsvereistes van toepassing op houtbehandelingsaanlegte, wat binne die jurisdiksie van ander staatsdepartemente of reguleerders val);
- die vervaardiger of invoerder van behandelde hout moet 'n sertifiseringsliggaam aanstel om die aanvanklike en voortgesette voldoening van produksie van die behandelde hout t.o.v. die vereistes van die verpligte spesifikasie te verifieër. Slegs sertifiseringsliggame wat aan die voldoeningsvereistes en voorskrifte van die NRVS voldoen sal erken word. (slegs die SABS en SATAS word tans deur die NRVS erken);
- die vervaardigingsaanleg vir die behandeling van hout sal vooraf goedkeuring by die NRVS kry vir die voldoening van produksievereistes soos voorgeskryf in bylae A van VC 9091;
- die vervaardiger of invoerder sal, op versoek, die nodige bewyse van voldoening aan produksie aan die NRVS verskaf, en
- behandelde hout sal volgens die vereistes van die relevante produkspesifikasie, soos na verwys in SANS 10005, gemerk word. Die merking sal die kwaliteitsmerk van die aangestelde sertifiseringsliggaam insluit.

II) Regulasie A.13 (1) b van die Bou Regulasies

- Alle hout wat gebruik word in die oprigting van 'n gebou sal, volgens die vereistes van SANS 10005, teen termiet en houtboorder aanvalle sowel as houtverrotting behandel word, en sal 'n produksertifiseringsmerk van 'n sertifiseringsliggaam wat deur SANAS geakrediteer is dra.

In beide gevalle word melding gemaak van Nasionale Standaard SANS 10005, *Die behandeling van hout*, wat die klassifikasie van houtverduursamingsmiddels, die gevaar toeatande (H Klasse) vir hout, die veskeie behandelingsprossese, penetrasie and retensie tabelle, sowel as die vereistes vir die gebruik van verduursaamde hout in spesifieke areas in Suid-Afrika insluit.

Vir meer inligting kontak asseblief

S.A. WOOD PRESERVERS ASSOCIATION 6 HULLEY ROAD ISANDO P.O. BOX 686 ISANDO 1600
TEL: (011) 974-1061. FAX: (011) 392-1995. TOLL-FREE NO. 0800 113 630. E-MAIL: sawpa@global.co.za